Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

’n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Junie 2019

Belydenisaflegging: Waarom?

Pinkster: Fees van volheid en oorvloed

www.gksa.org.za

Inhoud

Junie 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 121, NO. 3335 - Junie 2019

1 VAN DIE REDAKTEUR
Pinkster – fees van volheid en oorvloed

4 UIT DIE WOORD
God regeer, prys die Here!

8 REDAKSIONEEL
Teologiese Skool 150 – Ligbaken vir die Gereformeerde Teologie

10 BRANDPUNT
Gehoorsaamheid aan die owerheid

FOKUS
12 Die geskiedenis van die TSP (5)
15 Vrou, waar is jou plek?
16 Gelowiges doen openbare "belydenisaflegging"

VAN ORALOOR
18 TSP 150-fietstoer
21 TOIBO-Nuusbrief Mei 2019
22 Dumisani Teologiese Instituut en Bybelskool 40 jaar

IN DANKBARE HERINNERING
24 Ds. BDC (Ben) Prinsloo

28 Lief en Leed
29 Kerklike administrasie
30 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2018 – 30 Junie 2019):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R275
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R396
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R372
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R115

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

– Matteus 11:28-30

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

PINKSTER
fees van volheid en oorvloed

Ons herdenk op 9 Junie die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, slegs ’n maand ná die algemene verkiesing. Ons lees in besonder daarvan in Handelinge 2. Maar die belofte van Pinkster vind ons reeds op verskeie plekke in die Ou Testament, eeue voor die uitstorting. Een van hierdie beloftes staan in Jesaja 32:15 waar ons lees: *“... totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte ...”* (lees gerus Jesaja 32:9-20).

Fees van volheid en oorvloed

Pinkster is die fees van volheid en oorvloed. Die vraag is of ons nog werklik die omvang en rykdom daarvan besef en beleef.

Dit was ’n oesfees in die Ou Testament waartydens die eerste opbrengs van die oes aan die Here gebring is. Op die Pinksterfees tien dae ná die hemelvaart van Christus het ons die Heilige Gees as die eerste gawe van God ontvang. Die Skrif praat van die uitstorting van die Heilige Gees of soos dit in Jesaja 32 staan, die Heilige Gees is uitgegiet. Letterlik beteken die woord wat hier gebruik word, “ontbloot” of “leegmaak”. In die gawe van die Heilige Gees het God aan ons alles gegee, die volle saligheid, die lewe in al sy volheid, die volle gemeenskap met God, die hemelse gawes in hulle oorvloed.

In Jesaja 32 word die uitstorting van die Heilige Gees direk verbind aan lewe en groei en oorvloed in die ryk van die natuur. As die Gees uitgegiet word, word die woestyn ’n vrugteboord en die vrugteboord self word vir ’n bos gereken (vs 15). Jesus voorspel hier die herstel van die land ná ’n tyd van verwoesting en verlatenheid en droogte. Ons lees daarvan onder andere in vers 10: “… dit is gedaan met die druiweoes, daar sal geen insameling van vrugte kom nie.”

Dit is deel van die oordeel wat Jesaja uitspreek oor die valse gerustheid van die volk van die Here en veral die vroue van Jerusalem. Hierdie profesie is uitgespreek kort voordat Sanherib van Assirië in 701 vC Jerusalem beleër en uiteindelik verower en verwoes het. Terwyl die onheil al hoe nader kom, leef die volk en ook die vroue van Jerusalem sorgeloos voort.

Die feit dat Jesaja spesifiek die vroue aanspreek, wys op die erns van die situasie. 'n Volk is so sterk soos sy vroue. As die vroue van 'n land geval het, nie meer die erns van die tye besef en die geestelike ankers bied nie, dan het dit baie laat geword vir so 'n land en volk. Nou het dit só laat geword dat Jerusalem sou val. In vers 14 word die ontsettende toestand vir ons geskilder: *"... die paleis is verlate, die stadsgewoel is in eensaamheid verander; die Heuwel en die Wagtoring dien as spelonke vir ewig."*

En dan volg die belofte van vers 32: *"... totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte."* Die verwoesting en die verlatenheid sal voortduur totdat uit die hoogte, dit is uit die woonplek van God, die Gees uitgegiet word. Die Heilige Gees maak die verskil. Die ware verlossing en herstel kan net van bo kom. Hy kom soos verkwikkende reën. Hy bring lewe en oorvloed en groei. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken.

So werk die Heilige Gees in die ryk van die natuur. Ons sien dit in die milde reën op baie plekke, in die uitbreek van lewe in die natuur. Ons moet dit net raaksien. So was dit van die begin af. Ons lees in Genesis 1 dat Hy gesweef het op die waters. En in Psalm 104 sing ons: *"Maar as u Gees weer oor hul sweef dan leef hul, en die aard herleef."* Die werk van die Heilige Gees is nie beperk tot die harte van mense en die mure van kerkgeboue nie.

Maar natuurlik staan sy werk in die natuur ook nooit los van sy werk in die harte van mense nie. Die verwoesting in die skepping, die rampe van droogte en hongersnood is die gevolge van die sonde. En daarom gee die Heilige Gees in die eerste plek lewe in dooie sondaarharte. Die Gees word oor ons uitgegiet. Wanneer die mens verlos word, tot nuwe lewe gebring word, dan verdwyn die gevolge van die sonde ook in die ryk van die natuur.

So lees ons in vers 16 wat die vrug sal wees van die uitstorting van die Gees onder die mense. Toe Jesaja hierdie profesie uitgespreek het, is die politieke en maatskaplike lewe gekenmerk deur onreg en bedrog en korrupsie, soos ons uit vers 1-8 sien. Maar as die Gees uit die hoogte uitgegiet word, sal die reg en die geregtigheid in die land woon.

Jesaja 32 begin met die voorspelling van die ryk van die Messias, wanneer 'n Koning sal regeer in geregtigheid en die vorste sal heers volgens reg … die dwaas sal nie meer 'n edele genoem word nie en van die skelm sal nie gesê word dat hy vernaam is nie. So gaan die hervorming van die staatkundige lewe gepaard met die innerlike vernuwing in die harte van die volk. So belangrik is Pinkster in ons tyd.

Daar was nie weer so 'n tyd in die geskiedenis van Juda nie. Ook ná die terugkeer uit die ballingskap was hulle nooit weer 'n volkome vrye staat met hulle eie Koning nie. Hierdie Koninkryk het met Pinkster gekom. Die Gees is uitgestort nadat Christus sy werk volbring het en op die troon gaan sit het as die Een deur Wie die Vader alle dinge regeer.

En vandag?

Waarom sien ons dan so min daarvan vandag? Hoe lyk die wêreld waarin ons Pinkster vier, en in besonder ons land? Dis 'n wêreld waarin die geweld en bloedvergieting daagliks toeneem; waar onreg en bedrog en korrupsie aan die orde van die dag is; waar mense ten spyte van hierdie laat uur in die grootste sorgeloosheid en valse gerustheid voortleef en hulle aan die Woord van die Here nie steur nie. En dit alles terwyl ons die wonder van Pinkster mag ken en beleef. Die Heilige Gees is oor ons uitgegiet. Hy pas die verlossingswerk van Christus in al sy volheid en rykdom toe in ons lewens. Dit is ons roeping om hierdie Pinksterevangelie uit te leef en uit te dra aan owerheid en onderdaan. Dan alleen kan daar iets tereg kom van reg en geregtigheid, van vrede en veiligheid, ook in die land van ons inwoning. CFCC

Ds. Cassie Aucamp (Andeon)

Gehoorsaamheid aan die owerheid

Gehoorsaamheid aan die owerheid: op die oog af nie 'n onderwerp om 'n mens danig opgewonde te maak nie. Ook nie 'n gewilde onderwerp as jy dalk regeer word deur 'n owerheid waarvan jy drasties verskil, of 'n owerheid wat nie jou waardes deel nie.

Die oorsprong van hierdie opdrag

Gehoorsaamheid aan die owerheid is 'n duidelike Bybelse opdrag:

- As Paulus in die laaste deel van die Romeinebrief handel oor die nuwe lewe van die gelowige, dan staan hy die eerste sewe verse van Romeine 13 aan hierdie onderwerp af, alles saamgevat in die opdrag in vers 1: "*Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is.*"
- As hy aan Titus skryf hoe die gelowiges op die eiland Kreta hulle moet gedra, is sy eerste opdrag: "*Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hul aan die owerheid en gesag moet onderwerp*" (Tit. 3:1).
- Ons Here Jesus was al daaroor baie duidelik: "*Betaal aan die keiser wat aan die keiser toekom*" (Mark. 12:17; Luk. 20:25).

Gehoorsaamheid aan die owerheid is só deel van die lewe van die gelowige dat dit ook in ons Belydenis weerklank vind:

- Die Kategismus verruim in Sondag 39 sy verklaring van die eis van die vyfde gebod ("*Eer jou vader en jou moeder*"), tot "*almal wat oor my gestel is*".
- In Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons: "*Verder is elkeen verplig ... om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal en aan hulle eer en onderdanigheid te bewys.*"

Selfs ons Nagmaalsformulier raak hierdie saak aan as "skeurmakers in kerk *en staat*" gereken word onder diegene wat van die heilige nagmaal weerhou moet word.

Die grond van hierdie opdrag

Waar die opdrag tot gehoorsaamheid aan die owerheid gegee word, word die grond van hierdie opdrag ook gegee: "*Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie*" en: "*Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God*" (Rom. 13:1, 2).

Die Kategismus sê van die owerheid "*dat God ons deur hulle wil regeer*". Die Nederlandse Geloofsbelydenis begin Artikel 36 met die woorde: "*Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het.*"

Owerhede en gesag is 'n instelling van God. Dit is deel van sy algemene genade waardeur Hy verhoed dat hierdie wêreld deur die sonde in 'n totale chaos verval. Gehoorsaamheid aan die owerheid is gehoorsaamheid aan God, en omgekeerd.

Ons is dus hier nie met 'n ligtelike sakie besig wat op die buiterand van die Christen se lewe lê nie. Die gesag van die owerheid is

volgens die Skrif nie geleë in die volkswil nie, maar in die wil van God wat nie engele nie, maar mense gebruik om oor mense te regeer.

Die "ondanks" van hierdie opdrag

Maar wat nou as ek van die owerheid verskil? Selfs as ek van 'n bepaalde wet of ordonnansie verskil? Hoe gemaak met hierdie opdrag as die owerheid beman word deur 'n regerende party waarvoor ek nie gestem het nie? Selfs dan geld God se opdrag van gehoorsaamheid aan die owerheid nog steeds. Dink daaraan dat die owerheid in Paulus se tyd die gehate Romeinse regeerders was. Nogtans gee hy die opdrag van gehoorsaamheid aan die owerheid.

Die keiser van wie Jesus praat, was die Romeinse keiser. Nogtans: betaal aan hom wat hom toekom. Ons Kategismus stel dit duidelik in Sondag 39: ons moet "*met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer"*.

Kom ons maak dit prakties. As die spoedbeperking op 'n bepaalde pad 80 kilometer per uur is, maar ek dink dit is onnodig, dan hou ek my by die beperking, al stem ek nie saam nie. As ek van die begroting verskil, betaal ek nog my belasting.

Dit is eenvoudig so dat orde in die samelewing gehandhaaf moet word en dat elkeen nie kan doen wat goed is in sy eie oë nie.

Die beperking van hierdie opdrag

Is daar tog omstandighede waaronder ek aan die owerheid ongehoorsaam kan wees en wanneer ordelike burgerlike verset geregverdig of selfs noodsaaklik is?

Natuurlik geld, ook in my gehoorsaamheid aan die owerheid, die beginsel: *"ons moet God meer gehoorsaam wees as die mens*" (Hand. 5:29). Daniël en sy vriende se optrede in Babel, toe die owerheid van hulle verwag het om voor 'n beeld of voor die koning neer te val en hom te aanbid, is 'n duidelike voorbeeld. Daar kan tye en gevalle wees waar burgerlike ongehoorsaamheid nie net my reg nie, maar ook my plig is.

Daar is ook ander grense aan die gesag van die owerheid. God het die owerheid daargestel om orde en vrede in 'n samelewing te handhaaf, nie om totalitêr sy kloue te slaan oor elke aspek van 'n mens se lewe nie. God het ook aan owerhede grense daargestel. Wanneer die owerheid buite sy grense beweeg, beweeg hy buite sy gesagsbevoegdheid. Die totalitêre staat is in beginsel in stryd met God se orde vir die samelewing.

Daar is 'n onderskeid, en daar behoort ook 'n duidelike streep te wees, tussen die staatlike en die burgerlike samelewing, wat deur die owerheid gehandhaaf en eerbiedig moet word. In 'n sekere mate word hierdie onderskeid deur die Grondwet gereël en kan 'n onderdaan hom/haar op die Grondwet beroep teen totalitêre staatsoptrede waar 'n owerheid sy mandaat oorskrei.

Die Grondwet het egter ook sy tekortkominge en regsoptrede teen 'n owerheid is in die reël vir die gewone burger onbekostigbaar en die regsproses lank en uitgerek. Wanneer 'n owerheid sy grense oorskrei, is daar ook grense aan die manier waarop ek as onderdaan my teenoor die owerheid verset. Revolusie, geweld en vandalisme is nie die manier waarop gelowiges optree nie. Selfs weerstand en verset moet binne die grense van orde en dissipline geskied.

Die getuienis van hierdie opdrag

In 1 Petrus 2 verkondig die Here aan ons dat nie opstand en revolusie nie, maar onderwerping aan die owerheid deel is van die voorbeeldige lewe "*wat die heidene kan sien en God kan verheerlik"*. In dié verband kom die opdrag in 1 Petrus 2:13: "*Omdat die Here dit wil, moet julle jul onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is, of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goeddoen, moet prys."*

Die gedeelte sluit in vers 17 af met die duidelike opdrag wat alles oor ons onderwerp saamvat: "*Vrees God. Eer die keiser."* DK

Prof. PH Fick (Rikus) (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die eerste jare in Potchefstroom

Die geskiedenis van die TSP (5)

Prof. JD du Toit (Totius)

Bron: Wikipedia

Losies vir die studente was in Burgersdorp al 'n kopseer, en gedurende die eerste maande in Potchefstroom het dit nie veel beter gegaan nie. Eers aan die einde van 1905 word 'n losieshuis langs die Teologiese Skool vir die studente gebou – wat vandag nog vir hierdie doel gebruik word.

Ná die oorlog was daar 'n groot behoefte aan meer predikante, en talle stemme het opgegaan vir 'n makliker teologiese opleiding sodat dit meer toeganklik vir meer kandidate kon wees. Mense soos ds. PC Snyman en prof. Cachet het egter sterk hierteen betoog. Cachet sou gesê het: *"As jy groen koring afsny en daarvan brood bak, word jy siek ... so sal dit wees as groen koring uit die Skool gehaal word."*

Tussen 1905 en 1910 kry die Literariese Departement al hoe groter prominensie en onder die leiding van prof. F Postma brei dit noemenswaardig uit.

Prof. Cachet se kragte het egter begin afneem, en die kuratore besluit op 1 Desember 1909 om by die Sinode aan te beveel om vir hom 'n assistent aan te stel. Hy vra egter om te emeriteer, en die Sinode van 1910 verleen die

kuratore toestemming om hom ontslag te gee. Hy lewer sy afskeidsrede op 14 April 1911. Hy is egter ’n kort rustyd gegun, want hy is op 21 September 1912 op 73-jarige ouderdom skielik oorlede.

Opvolger vir prof. Cachet

Die predikant van Potchefstroom, dr. JD du Toit (Totius), word as sy opvolger gekies en word op 15 April 1911 as professor bevestig deur ds. Petrus Postma.

Du Toit, wat sy doktorsgraad in die oorlogsjare in Nederland verwerf het, was op hierdie stadium maar 34 jaar oud en het reeds twee digbundels die lig laat sien. Nie lank ná sy bevestiging nie, op 28 Mei, moet hy afskeid neem van sy pa, die bekende ds. SJ du Toit.

Sy werkslading as dosent was geweldig swaar, en daar het reeds in dieselfde jaar as sy bevestiging stemme begin opgaan dat ’n tweede teologiese professor beroep moet word.

In November 1912 besluit die kuratore om by die Sinode van 1913 aan te beveel dat ’n tweede professor beroep moet word. Die Sinode benoem ds. PC Snyman van Steynsburg, maar nadat hy bedank het, benoem die kieskollege op 20 Augustus 1913 dr. SO Los van Pretoria. Terwyl hy in Hilversum in Nederland predikant was, het hy bevriend geraak met pres. Paul Kruger en in 1907 ’n beroep na

Studente en personeel van die Voorbereidende en Teologiese Skool op Potchefstroom voor die eerste gebou, 1913. Voor: Hester Coetzee, Betsie Postma, SG Yssel, JJA Coetzee, prof. Ferdinand Postma, prof. JD du Toit (Totius), prof. APC Duvenage, prof. Jan Kamp, Piet van der Walt, Rachel Wentzel, Vera Gill. Tweede ry: Nollie Vermaas, GP van der Linde, JV Coetzee, DG Venter, CJH de Wet, JC van der Walt, DN Kotzé, HF Duvenage, Vera Pienaar, Frikkie Potgieter, JLM Wiechers. Derde ry: Piet Coetzee, Jan Triechaardt, Nic Steyn, BJ de Klerk, JH Boneschans, HS van Jaarsveld, Pieter Coetzee. Vierde ry: Prof. Joon van Rooy, ene Oosthuizen, CWM du Toit, ELJ Venter, TD Venter, Daan Marais, JV Coetzee, Lou van Rooy, ASE Yssel, H van der Walt, SP Engelbrecht, Izak le Roux, ene Marais, LJ du Plessis. Vyfde ry: ene Scholtemeyer, Willie Geere. (Bron: Wikipedia, GKSA Argief)

Pretoria aanvaar. Hy word aan die begin van 1914 as professor bevestig.

Finansiële probleme

Teen hierdie tyd het die Literariese Departement van krag tot krag gegaan en in 1914 was daar al vyf professore in diens en 40 studente was ingeskryf. Die Departement het egter nie hoë aansien in hoër onderwyskringe geniet nie en finansies het 'n wesenlike probleem begin word.

Om subsidie van die staat te ontvang, moes daar gehoor gegee word aan die Universiteitswet met sy gewetensklousule wat bepaal het dat niemand se "godsdienstige gesindheid" as voorwaarde gestel mag word om as student of dosent toegelaat te word nie. Om 'n vrye universiteit te stig, sou weer te duur wees.

Die Sinode van 1918 benoem 'n kommissie om met die regering te onderhandel vir subsidie en vrystelling van die gewetensklousule. Prof. JD du Toit en ds. W Postma het 'n week in Kaapstad deurgebring vir onderhandelings met die regering.

Die Minister van Onderwys, mnr. FS Malan, het uiteindelik ingewillig om subsidie aan die Literariese Departement toe te ken met bepaalde voorwaardes, wat onder andere ingehou het dat die kollege losgemaak moet word van die Teologiese Skool en dat by die aanstelling van dosente sorg gedra sal word dat die Christelike karakter van die kollege gehandhaaf word sonder aanwending van 'n denominasionele toets, en dat by die toelating van studente geen godsdienstige toets aangewend sal word nie.

Die kuratore het hierdie voorwaardes aanvaar en die regering keur die statuut van "Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Christelijk Hoger Onderwijs" goed. Die afkorting "PUK vir CHO" is gebruik en vandag nog word "PUK\KE" algemeen gebruik om na die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit en sy studente te verwys.

Met die afskeiding van die Literariese Departement was een professoraat vakant, en die volgende professore in diens: F Postma, J Kamp, SPE Boshoff en APC Duvenage. Hulle is deur ses lektore bygestaan.

Op 26 November 1919 was die Teologiese Skool 50 jaar oud en daar word besluit om 'n Jubileumfonds te stig om die rentefonds aan te vul sodat meer dosente aangestel kan word, beurse vir studente beskikbaar gestel kan word en vir geboue. Kort voor die beplande fees is reeds meer as £10 000 ingesamel. Die Sinode van 1920 wat in Colesberg vergader het, het besluit om 'n gedeelte van die fonds te gebruik om 'n nuwe teologiese skool te bou.

By die fees wat van 28 tot 30 September plaasgevind het, het prof. JD du Toit na prof. Cachet se afskeidsboodskap verwys en gesê dat wat in daardie boodskap gefluister is, nou van die dakke af verkondig word: "Ons het 'n Christelike Hoërskool"! DK



FS Malan

Bron: Wikipedia